

# KORTLIKS

## Plant 'n geskenk



ASHLEIGH DE VILLIERS

### 'n Boom vir jou geboortedag

Teen dié tyd het oupa Jan al genoeg sokkies en klein Janneman is een Lego-stel weg van 'n bedorwe brokkie. Die nieregeringsorganisasie GreenPop bied 'n vars oplossing: Pleks van 'n stel sakdoeke of slaailpels kan jy vir 'n geliefde 'n boom borg op hulle spesiale dag.

Daar is tans twee plekke waar jy vir hulle 'n boom (teen R120) kan laat plant: Die Platboswoud-reservaat naby Gansbaai in die Wes-Kaap of Sons of Thunder, 'n gemeenskapsboerdery in Livingstone, Zambië.

'n Mens kan op Greenpop se webwerf 'n pasgemaakte sertifikaat kies. Die GPS-koördinate van jou geborgde boompie verskyn op die sertifikaat.

Laai die sertifikaat af of stuur 'n elektroniese weergawe na jou suster in Dubai.

**Borg 'n boom** [👉 donation.greenpop.org/trees](https://donation.greenpop.org/trees)

– Kyra Tarr

Gaan na [👉 greenpop.org](https://greenpop.org) vir inligting oor GreenPop se projekte.



ADRIAN SHIELDS

### Die kaartjie wat 'n tuin word

Pleks dat 'n verjaardagskaartjie iewers in 'n skoenboks in 'n kas stof opgaan, kan jy dié ekovriendelike kaartjies in jou voortuin plant.

Growing Paper se "plantbare" kaartjies (vanaf R39 per kaartjie) is gemaak van 100% herwonne papier wat kruie-, groente- of blomsaadjies bevat – van madeliefies en papawers, tot basiliekruid, wortels en tamaties.

Tydens die nasionale inperking het die groep die Sustainable Seasons-projek geloods. Dis 'n spesiale stel kaartjies (R108 vir 'n pak van vyf) geïllustreer deur Anja Stoeckigt van Paper Tales ([👉 papertales.co.za](https://papertales.co.za)).

'n Deel van die opbrengs word aan die WWF se volhoubare landbou-inisiatief geskenk.

**Ek wil 'n kaartjie koop!** Besoek die aanlynwinkel by [👉 growingpaper.co.za](https://growingpaper.co.za)

Volg Growing Paper op Facebook en Instagram by [@growingpaperza](https://growingpaperza)

## GROOT GETALLE



GALLO/GETTYIMAGES.COM

Rondom die wêreld op drie maniere!

# 1,7

Die geskatte aantal kere wat die Suid-Afrikaanse bevolking (ongeveer 58,8 miljoen) die aarde kan omring as almal skouer aan skouer staan. Die omtrek van die aarde by die ewenaar is 40 075 km, en ons som veronderstel die gemiddelde menslike skouerywyde is 41 cm.

# 2255

Dis die totale afstand van die N2 in kilometer tussen Kaapstad en Ermelo. As jy nege keer van die Kaap na Ermelo en terugry, sal jy een keer om die aarde gereis het.

# 163 533

Dit is die gesamentlike lengte in kilometer van ál die belangrikste riviere en hulle sytakke in Suid-Afrika. As jy hulle aanmekaar las, sal hulle die aarde vier keer omring!

Bronne: [👉 statssa.gov.za](https://statssa.gov.za); [nra.co.za](https://nra.co.za); [healthline.com](https://healthline.com)

## AFTREK PLEK



VERSKAF

### The Boer & Butcher, Stellenbosch

'n Paar dinge is noodsaaklik vir 'n Sondagbraai wanneer ons gesin saamtrek: Warm kole, goeie weer en kerriesosaties van The Boer & Butcher. En as ons die slag die spyskaart 'n bietjie wil opkikker, gaan draai ons ook eerste by The Boer & Butcher. Hoe klink 'n rol perskewors?

Die stigter Edu Hanekom het in 2013 die eerste slaghuis in Durbanville oopgemaak. "Ek het 'n 60m<sup>2</sup>-haarsalon in 'n slaghuis omskep; ek het geen ervaring gehad as kleinhandelaar nie," sê hy. "Ek wou net my huur betaal en het twee personelede gehad – hulle werk nou nog saam met my." Die vleis het oorspronklik net van Edu-hulle se familieplaas op Darling gekom.

Vandag is daar takke op Stellenbosch, Durbanville, Boston (Bellville), en verskaffers reg oor Suid-Afrika. Terwyl jy met die R44 verby die Stellenbosch Square-sentrum ry net buite die dorp, is die kenmerkende swart bulhorings van ver af sigbaar teen die kant van The Boer & Butcher se gebou.

Die versoeking is groot om vinnig in te loer. Maar jy sal dalk moet toustaan, veral oor 'n naweek net voor middagete: Hier is vleiskoop 'n saak van erns.

Sit tyd opsy om die yskaste te fynkam: Van perskewors (R99 p/kg) en kerriesosaties (R150 p/kg), verouderde rumpsteak (R145 p/kg) en lamsnitte (R150 p/kg vir kerrielaamstjops), dik burgerpatties (R110 p/kg) en groot plaashoenders (R163 vir 2,33 kg), tot die meer waaghalsiges – skaapstertjies (R43) of -tong (R70) vir iemand? 'n Mens kan vleis in grootmaat bestel; dis goedkoper.

Stop dan by die biltongtoonbank en koop 'n sakkie biltong (of twee, óf drie – dit kos R44 vir 'n pakkie, R290/kg).

Die rakke staan ook vol speserye (R39 vir die huisreks), souses (R38 vir die Boer & Butcher-rissiesous; of probeer 'n Sweet Baby Ray-braaisous (R75), olyfolie (R80/500 ml) en bevrore maaltye (R120 vir Indiese botterhoender).

Teen druktyd was die Bistro-afdeling van die winkel steeds gesluit volgens die regulasies van die nasionale inperking. Hopelik word die tafels in die oop binnehof van Stellenbosch Square weer uitgepak later die jaar. Bestel dan gerus die Boer & Butcher-biefburger (R90). Daar's selfs opsies vir 'n verwaalde vegetariër (probeer die ontbyt, R70).

The Boer & Butcher se vierde tak maak later die jaar oop in die Paarl. "Ons wil beslis werkgeleenthede vir meer mense skep en onself mettertyd as 'n nasionale handelaar vestig," sê Edu.

**Meer inligting** [👉 boerandbutcher.co.za](https://boerandbutcher.co.za)

– Marcelle van Niekerk >